
# PROLOOG

Saterdag is vernoem na die planeet Saturnus. Die planeet is vernoem na die antieke Romeinse god Saturnus. Daai hartelose ou wat sy eie kinders geëet het. Om my storie te verstaan moet julle weet dat ek op ’n Saterdag gebore is.

Dit is miskien hoekom ek en Saturnus soveel in gemeen het. Die planeet, nie daai ou wat sy kinders geëet het nie. Sien, ons is albei misterieus en onpeilbaar.

Saturnus is meestal bekend vir sy asemrowende ringe van ys en klip.

Sommige partikels van die ringe is so klein soos korreltjies sand, ander so reusagtig soos berge. Die ringe strek duisende kilometers om die planeet, amper soos ’n grag. Dis hoogs onwaarskynlik dat jy jou pad daardeur sal vind. Jy sal ingesluk word en in ’n malende massa gas en wind beland. Die hoë temperature en druk sal jou teister voordat jy dalk, of dalk nie, uiteindelik by die klipharde, metaalagtige middel uitkom. Net om te besef die planeet het nie die regte toestande vir lewe nie. Amper soos ’n mens sonder ’n hart en ’n kloppende pols. Juis om dié rede vergelyk my vriende my soms met Saturnus. Dis nie asof ek klein kindertjies se sandkastele omskop of ’n honger kat by die deur sal uitstoot nie. Ek het darem ’n hart ... wel, soort van. Ek is net nie gemaklik met die liefde nie. Agter daardie dik granietagtige ysmure bewaar ek my hart veilig.



Ek is nie 'n planeet, 'n dag of 'n Romeinse god nie. Ek is Delia of, soos my vriende my soms noem, Donker Delia, en hierdie is die storie van hoe 'n meisie met die geaardheid van 'n Golden Retriever dalk, of dalk nie, die koue ringe om my hart kon verbrysel. Lees maar self om uit te vind.

# HOOFSTUK 1

# DONKER DELIA DANS

Saterdagaand trek ek die klewerige lap van die uitspattige rok oor my lyf. Die stywe bostuk laat dit voel asof ek versmoor en die wye onderkant is doodeenvoudig ’n overkill, as jy my sou vra. Maar dit is wat jy vir pelle doen. Vir die tipe pelle wat jou bas op die allerongelooflikste manier gered het. Ek sal vir altyd dankbaar wees dat Ella verlede jaar namens my gemaak het of sy Con, die hoofsanger van Vuurvreter, se fake meisie is net sodat ek kan medies swot. Sketchy, ek weet. Dis ’n lang storie. Maar ten minste kla nie een van hulle nie, want nou fake niemand meer enigiets nie. Hulle gevryery is so ernstig soos ’n hartaanval. Dis om van naar te word.

Dalk is dit die liefde in die lug wat my so beklem laat voel vanaand. Ek is immers by ’n troue op Valentynsdag. Een waarop dit lyk of Kupido self ’n kat geskiet het. Die soet geur van blomme en cupcakes laat my kop effens draai, en die fairy lights wat oral in die saal hang, laat ’n dowwe pyn agter my oë klop.

Ella se pa en tannie Julie se troue was vanmiddag op ’n wildplaas net buite Bloemfontein. Ek, Karabo en Ella was deel van die gevolg. Die hele dag was soos iets uit ’n sprokie. As jy in sprokies glo, natuurlik.

“Ek gaan ’n bietjie asemskep, kom een van julle saam?” vra ek vir my pelle aan ons tafel. “Voor die DJ die volgende soetsappige liedjie begin speel.”



My woorde is nog skaars koud toe *Friday I'm in love* van The Cure begin speel. Ek sug aspris hardop. Dis Con en Ella se liedjie.

"Ek het gevra die DJ moet ons liedjie speel, Blom," sê Con vir Ella. Hy staan op om haar stoel vir haar uit te trek. Ek sluk die laaste vonkelwyn in my glas met een sluk weg. 'n Teenmiddel vir al die opwinding in die lug. Mag dit vinnig werk.

Ella sug. "Gaan jy sowaar nie een keer dans nie? Die song is nie só soppy nie."

"Nope," lag ek. "Dans is vir verliefdes."

"En die liefde is vir suckers wat daarvan hou om Saterdagaande na sad songs te luister en in ander mense se oë te staar terwyl die lewe verbyvlieg," sê Ella dramaties, en kyk diep in Con se oë. Sy wikkel haar wenkbroue.

"Spot maar," sê ek droog.

"As Delia 'n date kry, sal sy nie weet wat om met die arme girl te maak nie. Sy glo mos nie in die liefde nie," sê Karabo vir haar date. Dwayne of Dumi of iets. Ek kan nie byhou met al Karabo se kêrels nie.

"Oukei, Delia-ek-glo-nie-in-die-liefde-nie, moet net nie te lank wegbly nie. Ek dink Julie gaan binnekort die ruiker gooi," terg Ella. Ten minste, ek hoop dit is wat sy doen. Hoekom op dees aarde sal ek die ruiker wil vang? Sy het mos die memo gekry. Ek hou van meisies, nie ouens nie. En ek is beslis nie van plan om ooit in my lewe te trou nie.

Toe ek omdraai, stop ek net betyds. Ek trek my asem skerp in. Die fotograaf, 'n mooi meisie met donker

kastaiingbruin vlegsels om haar kop vasgesteek, staan skielik agter my. Heeltemal te naby. Dit laat my bene bewerig voel en my pols wegspring soos 'n weghol-perd. Vir wat weet ek nie. Net omdat sy beeldskoon is, beteken dit nie sy is my tipe meisie nie. Ek het haar vandag 'n bietjie dopgehou, en sy laat my effens aan een van daardie Golden Retrievers op 'n Instagram reel dink. Wat ek bedoel is, as sy 'n stert gehad het, sou dit waarskynlik van die oggend tot die aand swaai. Sy is in elk geval seker straight. Mooi meisies soos sy is ge-woonlik reeds in 'n verhouding.

Met my pols wat skielik so wild galop, moet ek sekerlik flikkeringe van statiese elektrisiteit afgee, want die sonstraal kyk reguit na my. En buite-beheer-vuur-werke, soos die keer toe ek per ongeluk 'n vuurpyl op die bure se dak laat beland het, verskroei elke liewe skoenlapper wat dit wou waag om in my maag rond te fladder. Toe die meisie haar kop draai, is haar lippe skaars 'n sentimeter van myne af. Haar oë word groot. Asof sy skrik. Sy sluk. Voel sy dit ook? Hierdie weird fluttery-gevoelens? Nou is ek mal. Dié meisie is beslis straight. Miskien is dit net die vonkelwyn. Jip. Dis wat dit is.

"Staan gou by jou pelle, dan neem ek julle af," sê sy met 'n Kaapse aksent, wat vir my so mooi klink. Haar glimlag laat my irritasie skielik verdwyn. Hoekom weet ek nie, want mense soos sy maak my benoud. Die hele dag al is sy oënskynlik so sorgeloos en entoesiasties oor haar werk. Sy fladder rond soos 'n trotse Kupido, asof sy self die oom en tannie bymekaargebring het,

maar ek weet vir ’n feit die tweetjies het op Tinder ontmoet. Die hele petalje het vir arme Ella ’n skalpel in die toon besorg.

“Oukei, maar vinnig,” sê ek, bly om te hoor my stem werk darem nog.

Ek poseer agter Con en Ella. Karabo en haar date leun ook nader vir die groepfoto. Die meisie kyk na die foto en neem nog een. Haar frons is seker daaraan te danke dat ek nie kan maak of ek glimlag nie. Sy kyk na die foto. Met die uitdrukking op haar gesig kon sy net so wel haar hande moedeloos in die lug gooi. Maar dis nie wat sy doen nie. Sy glimlag weer en sê: “Jy kan nie nou gaan nie. Julie gaan nou die ruiker gooi. Dis die lekkerste deel van die dag.” Fyn plooitjies kreukel om haar mond. Daar is sproete soos roesmerkies op haar neus. “Sal al die enkellopende jong dames vorentoe kom, asseblief.”

Ek lig my wenkbroue en kyk na Ella vir hulp, maar sy ignoreer my.

“Vir Julie,” sê die fotograaf, en kyk my stip in die oë. Ek voel hoe my wange warm word.

Karabo slaan haar hande saam. “Watch out, ladies. Ek gaan hom vang,” sê sy, en stamp haar metgesel amper uit die pad om op die dansvloer te kom. Ek kan nie help om te glimlag toe ek die benoude kyk op die ou se gesig sien nie.

“Uhm, ek gaan rook,” sê hy, en vlug by die sydeur van die saal uit.

Karabo ruil ouens so gereeld soos mens latekshandskoene in ’n hospitaal ruil. Ek probeer nie eers meer